# BELEID OOR GLOBALE BETROKKENHEID

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer | 2P_2.8 |
| Beleid eienaar | Adjunkvisekanselier: Navorsing en Innovasie |
| Beleid administrateur | Adjunkvisekanselier: Navorsing en Innovasie |
| Verantwoordelike afdeling | Globale Betrokkenheid |
| Status | Goedgekeur |
| Goedgekeur deur | NWU Raad |
| Datum van goedkeuring | 19 Maart 2020 |
| Datum van wysigings | |
| Hersieningsdatum | Maart 2022 |

# Adjunkvisekanselier: Navorsing en Innovasie

# BELEID OOR GLOBALE BETROKKENHEID

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ’n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ’n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 19 Maart 2020 goedgekeur.

## 1 Interpretasie en toepassing

Hierdie beleid moet geïnterpreteer en toegepas word op ’n wyse wat ooreenstem met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Immigrasiewet, 13 van 2002, en die

1.4 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017).

## 2 Woordomskrywings

In hierdie beleid en verwante dokumente verwys **“internasionalisering”** na aktiwiteite wat toegespits is op die bevordering van –

2.1 verbeterde plaaslike kwaliteit in onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid gebaseer op die toepassing van deskundigheid;

2.2 meer internasionale geleenthede vir akademiese personeel, studente en navorsers.

2.3 die toenemende produksie van graduandi en nagraadse studente wat enige plek op aarde kan werk en leef;

2.4 die toenemende aflewering van graduandi en nagraadse studente wat internasionaal kundig en kruiskultureel sensitief is;

2.5 navorsing en vakkundigheid wat nie net berus op nasionale, provinsiale en plaaslike oorwegings nie, maar ook op internasionale aangeleenthede;

2.6 die vermoë om ’n beduidende bydrae te lewer tot die nasie se ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese mededingendheid;

2.7 die uitvoer van nasionale onderwysprodukte en -dienste na die buiteland;

2.8 die internasionale profiel en status van die Universiteit, en om

2.9 die vrugte te pluk van alle aspekte van internasionale betrokkenheid, met inbegrip van die positiewe impak op die Universiteit se onderrig-leer- en navorsingspraktyke, internasionale beste praktyk en blootstelling aan ’n wye verskeidenheid van uiteenlopende gebruike en kulture.

## 3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat –

3.1 internasionalisering nagestreef moet word binne die raamwerk van riglyne wat deur die bestuur van die Universiteit opgestel en onderhou word;

3.2 die fundamentele reg op vryheid van uitdrukking, veral binne die konteks van akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, gehandhaaf, beskerm en verdedig moet word;

3.3 internasionalisering aan die NWU waardegedrewe moet wees;

3.4 ʼn kultuur van globale bewustheid en waardering vir internasionale perspektiewe en kulturele diversiteit bevorder moet word;

3.5 ʼn beoordelingskema tot stand gebring moet word wat die kwantiteit, kwaliteit en waarde van die diverse inisiatiewe m.b.t. internasionalisering op die drie kampusse aanmoedig en meet;

3.6 strategiese vennootskappe tussen die Universiteit en prominente internasionale hoëronderwysinstansies uitgebrei en geïntensiveer moet word, met inbegrip van die moontlikheid van die aanbied van gesamentlike en/of dubbele grade, aanlyn kwalifikasies, oop- en afstandsleer, uitruilprogramme vir akademiese personeel en studente en/of navorsingsamewerking;

3.7 internasionaal en globaal relevante navorsing, onderrig-leer en gemeenskapsbetrokkenheid by die NWU bevorder moet word;

3.8 internasionale opvoedkundige, navorsings- en gemeenskapsbetrokkenheidsgeleenthede vir NWU-studente daargestel, uitgebrei en verbeter moet word;

3.9 die aantal prominente internasionale vakkundiges, wêreldklasnavorsers, nagraadse en voorgraadse studente aan die NWU verhoog en aangevul moet word, en

3.10 die NWU verbind moet wees tot internasionalisering en gevolglik moet streef na wêreldwye erkenning as een van die voorste instansies van hoër onderwys en navorsing op die vasteland van Afrika.

Original details: (11664754) Nextcloud\RAM_Shared_drive\2020Policies\2P_2.28_GE_2020..docm
5 May 2020

File reference: 2P_2.28